Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

SEPTEMBER 2014

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Tata Mandela Verpersoonlik

'n TAPISSERIE VAN OVERSTRAND SE TOEWYDING TOT 'n WARE LEIER

Overstrand Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie en Raadslede

Op 18 Julie 2014 het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie met trots 'n mosaiek muurskildery onthul. Dit is die handewerk van twee jong mans, Raphael en Phambili, van Zwelihle, wat vasbeslote was om gestalte aan die dierbare gesig van die vader van ons nasie, Nelson Rolihlahla Mandela, te verleen. Die tapisserie wat hulle met groot moeite geskep het deur sorgvuldig een mosaïekteëltjie na die ander te lê in 'n poging om die essensie van Tata Mandela vas te vang, weerspieël die mate waartoe Overstrand se mense daartoe verbind is om die ware Madiba-gees uit te leef, het Botha-Guthrie tydens die amptelike onthulling van hierdie huldeblyk gesê.

Dit is dus ook heel gepas dat lede van beide die Senior en Junior Raad hul 67 minute op Mandela-dag daaraan gewy het om 'n tapisserie van kleur in ander mense se lewens te skep:

- Handskoene en serpe is deur gemeenskapslede regoor Overstrand gebrei van wol geskenk deur die Burgemeestersfonds en onder leerders by drie laerskole in voorheenbenadeelde gemeenskappe versprei;
- Gebreide *Moeder Teresa*-stelletjies geskenk deur 'n lid van die gemeenskap, is by die provinsiale hospitaal versprei;
- Kinders wat kleuterskole oral in die gebied bywoon, het 'n truitjie ontvang in kleure wat selfs die grouste dag sal ophelder.
- Wonderbags (prutsakke wat geen elektrisiteit benodig nie) is boonop wyd en syd uitgedeel in gemeenskappe soos Westdene, Mt Pleasant, Over Hills, Mooi Uitsig, Zwelihle en Hawston, om maar 'n paar te noem.

Ongetwyfeld het die gees van gee en deel, so eie aan hierdie reënboog-nasie, op hierdie dag ge-seëvier. Mag ons nooit die nalatenskap van Madiba vergeet nie en ons altyd daartoe verbind om 'n bietjie kleur te verleen aan die lewens van dié wat dit die nodigste het.

Handskoene en serpe in gereedheid vir aflewering

REHABILITERING EN HERSEËL VAN OVERSTRAND SE PAAIE NEEM EERSDAAGS 'N AANVANG

Die totale lengte van die geteerde padnetwerk in Overstrand is 482 km. Om hierdie paaie in stand te hou, maak die Munisipaliteit van 'n plaveiselbestuurstelsel gebruik waarvolgens padsegmente elke twee jaar visueel geïnspekteer moet word. Inligting wat op hierdie manier ingesamel is, word dan vir die doeleindes van strategiese beplanning en begrotings ingespan sowel as om instandhoudingswerk aan paaie te prioritiseer.

Volgende op 'n tenderproses is Amandla GCF Construction bk vir die kontraktydperk eindigende 31 Maart 2016 ('n tydperk wat dus oor beide die 2014/15- en 2015/16-boekjaar strek) aangestel om Overstrand se paaie teen 'n koste van nagenoeg R39 miljoen te herseël en te rehabiliteer.

Na raming sal ongeveer 20 km van paaie in die huidige boekjaar herseël word, met werk wat gedurende September 2014 in die Kleinmond-area 'n aanvang sal neem, gevolg deur Gansbaai/Stanford en Hermanus.

Advertensies in plaaslike koerante sal inwoners op hoogte van die werkskedule hou, terwyl diegene wat deur straatsluitings geraak word, voor die aanvang van herseëling deur die kontrakteur ingelig sal word.

Padwerke kan moontlik tydelike ongerief vir inwoners veroorsaak, maar alles moontlik sal gedoen word om dit tot die minimum te beperk met voorsorgmaatreëls wat ingestel sal word om die veiligheid van beide die algemene publiek sowel as konstruksiepersoneel te verseker.

Munisipaliteit Overstrand doen nietemin 'n beroep op alle betrokkenes om 'n bietjie geduld te beoefen terwyl verbeterings aan ons paaienetwerk onderneem word.

SPORT INGESPAN AS INSTRUMENT OM JEUG SE INDIENSNEEMBAARHEID TE VERBETER

Lean Terblanche, Michael Lutzeyer Grootbosstigting; Lurette Rudolp, Andy de la Mare ABSA; Burgemeester Overstrand Munisipaliteit Nicolette Botha-Guthrie

Met die ingebruikneming van die opgegradeerde gimnasiumfasiliteit by die multimiljoenrand-sportsentrum in Gansbaai op Woensdag 16 Julie 2014 het een van die borge, ABSA, nog opwindende nuus met Overstrand se jeug kon deel: die bekendstelling van 'n indiensneembaarheid- en ondernemingontwikkelingsprogram wat daarop gemik is om jongmense te bemagtig om die sakeleiers van môre te word.

ABSA-segsman, Andy de la Mare, het gesê die program het ten doel om jongmense tot só 'n mate te bemagtig dat hulle in staat sal wees om hulle eie werk te skep en, op dié manier, onafhanklik te word. Met hierdie doel voor oë, gaan die program nie net op die onderrig van Wiskunde- en loopbaanvaardighede fokus nie, maar mense ook help om hulself te vestig.

Volgens De la Mare is sport bevorderlik vir menslike gedrag en help "*om 'n gesonde liggaam en gees te bou*," wat daarop neerkom dat dit die ideale instrument is om jeugontwikkeling te bevorder. Hierdie siening is deur die Wes-Kaapse LUR vir Kultuursake en Sport, dr Nomafrench Mbombo, ondersteun wat in haar toespraak beklemtoon het dat kinders tuis ondersteun behoort te word om aan sport deel te neem, want "*'n kind wat versot is op sport, is 'n wenner*".

In haar verwelkoming het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie erkenning verleen aan die merkwaardige toewyding van al vier vennote - Munisipaliteit Overstrand, Barclays deur ABSA, die Departement van Kultuursake en Sport en die Grootbos-stigting - wat deur die jare onverpoosd daaraan gewerk het om van die program '*Ruimtes vir Sport*' die sukses te maak wat dit vandag is.

Alhoewel sy toegegee het dat die beoogde meesterplan vir die ontwikkeling van die Gansbaai-sportsentrum teen 'n beraamde koste van R130m nog lank nie afgehandel is nie, het sy nietemin weer eens beklemtoon dat "*die positiewe veranderings in die houding en leefstyl van jong kinders wat aan sportprogramme deelneem die grootste beloning is waarvoor enigeen kan vra*".

Tot op hede, benewens die pas opgegradeerde gim, spog die sentrum met Suid-Afrika se eerste sokkerveld van kunsmatige gras, twee tennis-/basketbal-/netbalbane en 'n klubhuis met kleedkamers en openbare ablusiefasiliteite.

KOMMER OOR MONITERING VAN BOBBEJANE BYGELÊ

Danksy *Working for the Coast*, 'n inisiatief van die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP), is die program om bobbejane te moniteer nou weer op dreef.

Working for the Coast, onder leiding van die implementeringsagent Milongani Eco-consulting, het ingestem om dié program te administreer en gedeeltelik te befonds nadat Munisipaliteit Overstrand besluit het om nie ná 30 Junie met die program voort te gaan nie.

Voortaan sal die monitors se uniforms, 'n groen oorpak en pet met 'n onderskeidende embleem, deur *Working for the Coast* befonds word wat ook die monitors vir skofwerk van rondom 06:00 tot 20:00 in die somer en rondom 07:00 tot 19:00 in die winter sal vergoed. (Om uit te vind presies wanneer bobbejaanmonitors in jou area bedrywig sal wees, kontak gerus jou naaste munisipale kantoor.)

Op sy beurt het Overstrand onderneem om vervoer sowel as die nodige toerusting, soos verfbalmerkers en geraasmakers, te verskaf en om 'n 24/7-blitslyn te beman waar alle bobbejaanverwante insidente aangemeld kan word.

Inwoners moet egter in ag neem dat die nuutaangestelde span bobbejaanmonitors steeds opleiding ondergaan. Dus sal 'n bietjie geduld waardeer word onderwyl ons hierdie allerbelangrike diens weer op dreef kry.

Desnieteenstaande moet enige oortredings, byvoorbeeld 'n monitor wat onwettig toegang tot 'n eiendom verkry of bobbejane onder die klippe stook om hulle te verdryf, onmiddellik by die bobbejaanblitslyn of die munisipaliteit se beheerkamer aangemeld word: **028 313 8000 of 028 313 8111.**

PARKERING IN HERMANUS-SSG

DIS HOE DIT WERK

Tania Gurha en Eric May

Parkeerdiensopsigters, geklee in swart met 'n oranje beffie, sien om na parkering in Hermanus se sentrale sakegebied (SSG) op weeksdae vanaf 08:30 tot 16:15 en op Saterdae vanaf 08:30 tot 13:00. Hulle werk onder toesig van drie toesighouers, ook geklee in swart maar met hemelblou beffies. Aangesien parkering in die SSG op openbare vakansiedae gratis is, werk parkeringsopsieners nie op hierdie dae nie.

Die publiek wat van parkeringsfasiliteite in die SSG gebruik maak, moet asseblief op die volgende algemene reëls let:

- Selfs al het jy jou voertuig voor 08:30 geparkeer, sal daar steeds van jou verwag word om te betaal.
- Vanaf 08:30 en daarna moet jy vooruit vir parkering betaal, en jy sal 'n strokie as bewys van betaling ontvang. Let egter daarop dat geen kleingeld uitgekeer sal word indien jy nie van die volle duur van die minute waarvoor jy betaal het, gebruik maak nie.
- Elke keer wanneer jy jou voertuig skuif, sal daar weer van jou verwag word om te betaal selfs al het die tyd vir die vorige parkeerplek nog nie verstryk nie.
- Daar is ***geen gratis minute nie***.
- Gestremde persone moet ook betaal om van ons parkeerplekke gebruik te maak.

Tariewe wissel vanaf 'n minimum van R1 vir 15 minute tot 'n maksimum van R28 vir tot op agt ure.

Meld asseblief enige klagtes rakende parkeerdienste aan by Ingrid Mordiwa tel. 028 313 5020.

SKOONHEID ONTPOP…

Oortrek met blomplante, is hierdie verkeersirkel meer as gereed om die lente te verwelkom!

Maar as jy regtig wil weet hoeveel skop daar in 'n plant sit, moet jy beslis nie die **jaarlikse blommeskou** en 'n **ekspo** met die tema "Ontgin Energie", aangebied deur Whale Coast Conservation, tussen 25 en 28 September by die Fernkloof-natuurreservaat misloop nie. Beide die skou en die ekspo is oop vanaf 09:00 tot 16:30 daagliks. Toegang kos R20 vir volwassenes en is gratis vir kinders jonger as 12.

Blombedding by Voëlklip-sirkel

Overberg *Eisteddfod Prestigekonsert*

KOM VERLUSTIG JOU IN DIE ROOM VAN DIE OES

Op Woensdag 17 September 2014 gaan Overstranders weer eens die geleentheid hê om Overberg se topjongtalent in aksie te sien op die Hermanus-ouditorium se verhoog. Wenners in elke ouderdomsgroep en kategorie kry die geleentheid om hulle items op te voer, waarna 'n algehele wenner aangewys sal word. Die konsert begin om 19:00, en besprekings kan by **BELLINI GALLERY, 028 312 4988**, gedoen word. Vir verdere navrae, skakel ***René du Plooy by 082 940 4238.***